Sondag 19 Februarie 2012

Kerkkantoor: Skriba/kassier, Leonie Spangenberg - 032 946 1198 kerkkantoor@noordkus.co.za; Posbus 6208, Zimbali, 4418 - Kantoorure: Maandae: 10:00-15:00; Woens.: 08:00-15:00; Dins., Don., Vrydae: 08:00-12:00
Leraar: Ds. Alwyn Small: 032 525 8732 / 083 556 5837; leraar@noordkus.co.za
Woord en Lied: Mariska Venter - 082 898 4376; mariska.venter@gmail.com
Webwerf: www. noordkus.co.za - Dagstukkies: www.dagstukkie.co.za

Gemeente Dagboek

Sondag 19 Februarie
GEEN Stanger Erediens
08:30 Ballito Erediens
18:00 Ballito Lofprysing
Gesamentlike Nagmaal en Gemeente Ete

Dinsdag 21 Februarie
09:00 Dames Bybelstudie
18:00 Kerkraadsvergadering

Woensdag 22 Februarie
06:25 Manne Biduur

Donderdag 23 Februarie
10:00 Kuierhoekie
17:15 Kooroefening

Sondag 26 Februarie
08:00 Stanger Erediens
08:30 Ballito Erediens
18:00 Ballito Lofprysing
Lydensweke Begin

VOORBIDDING

Joan Krige (Gesondheid) – 032 946 1164
Jaco Spangenberg (Gesondheid) - 079 805 2134
Annatjie van Coller (Gesondheid) – 032 946 2495
Alwyn Viljoen (Gesondheid) - 032 946 0611
Anna Venter se kleinseun. - 082 958 2049
Fred Visser se broer wat kanker het. - 082 451 1596
Isabel Joubert se broer wat kanker het – 032 946 1632
Helen Pelser(Gesondheid) - 082 311 5736
Manie Roode (Gesondheid) – 082 466 7848
Jacques Louw (Herstel na operasie) - 032 946 3472
Twanette Volschenk (Herstel na operasie) - 0760330003
Marie Dirks (Herstel na operasie) - 082 899 8223
Calla van Tonder (Ina Coetzer se swaer) wat tans kankerbehandeling ontvang

VERJAARDAE

19 Februarie Jean Paul Claassens

20 Februarie Sam Basson
Marinja Bester
Marthie Janse van Rensburg
Willem Vermaak

22 Februarie Dirk Kriel

23 Februarie Karin van Rooyen

24 Februarie Nicholaas de Klerk
Ockert Killian

25 Februarie Belinda Boshoff
Jana Scheepers

HARTLIK WELKOM

Ons het attestate ontvang van Hennie en Debbie Coetsee en hulle dogter Michelle van Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark.

Baie welkom en ons gebede is dat julle baie seën sal ondervind in Noordkus Gemeente.

Kerk Almanakke

Die nuwe almanakke vir 2012 is tans beskikbaar. Die diakens en ouderlinge is reeds besig om dit uit te deel in die wyke. Indien u nie een gekry het nie, doen gerus navraag by u wyks-kerkraadslid.

Gemeente ete en Saamkuiergeleentheid

Sondag, 19 Februarie 2012

Alle lidmate met hulle gesinne word hiermee hartlik uitgenooi na ‘n saamkuiergeleentheid na afloop van vandag se erediens.
Ons sal ook graag nuwe lidmate op ‘n informele wyse welkom laat voel.
Bring asb. julle gunsteling gereg (sout of soet) en eetgerei saam. Koffie, tee en vrugtesap sal voorsien word.

Sien daarna uit om julle daar te sien!
Groete,
Jacques Louw
SAMEROEPER GEMEENTEBEDIENING

Vreugde uit hulpverlening aan Aardskuddingslagoffers

(Geskryf deur Sachiko Saito, ‘n hoërmeisieskool graad 10-leerling)

“Word wakker, Sachiko!” roep my moeder my. “Mnr. Takahashi en sy familie ontruim hulle huis om na Nagoya te kom en ek het jou hulp nodig om vir hulle voor te berei.” Hulle vlug van die driedubbele rampgebied van 3/11/11. Op 8 Maart, vroeg die oggend, het my ma ’n dringende e-pos ontvang om te vra of ons die familie sal huisves totdat hulle na hulle huis in Sendai, wat swaar getref is, kan terugkeer. Dit sou ’n hele paar maande neem voordat hulle sou kon terugkeer na Sendai.

Ek en my moeder het dadelik aan die werk gespring om ’n semi-private ruimte vir die Takahashi’s in ons huis te skep. Ons het ons grootste kamer skoongemaak en die kas met ou klere en items wat ons daarin gestoor het, leeggemaak.

Dit was nie maklik om ’n gastekamer vir vier mense in een dag voor te berei nie, maar dit het my laat besef hoe baie sentimentele rommel met min waarde in die huis rondgelê het en hoe onbelangrik dit is wanneer daar mense is wat regtig in nood verkeer.

Mnr. en mev. Takahashi, die 14-jarige Mako en 8-jarige Koko het baie moeg, maar verlig by ons huis opgedaag. Mako en Koko was aanvanklik stil, maar net soos die lenteblomme in ons tuin het hulle begin blom! Hulle het gehou van die plante in die tuin, die tuisgemaakte disse van my ma en bowenal om saans speletjies te speel en na musiek te luister.

Die ondervinding om 'n familie in ons huis te hê, het my baie geleer. Ek het geleer dat die eenvoudige dinge wat ons dikwels as vanselfsprekend aanneem, in werklikheid van onskatbare waarde is. Ek het geleer dat om ander te help in hulle nood vreugde verskaf.

Ek het altyd gedink dat geluk afhang van die baie vriende wat jy het! Maar vriendskap om selfsugtige redes moenie die prioriteit van 'n gelukkige persoon wees nie.

Om gelukkig te wees, is om liefde en hulp aan ander te gee. Dit gee ons 'n doel in die lewe en 'n gevoel van vervulling.

Bron: Yomiuri Nuus 2011-12-01

Ontvang mekaar in julle huise sonder om te kla. God het aan elkeen van julle 'n genadegawe gegee. Met hierdie gawes moet julle mekaar dien sodat God se ryk genade deur julle na mekaar toe kan vloei
(1 Pet 4:9-10, NLV).

Gasvryheid is genade in aksie en demonstreer die genade van God.

Om na familie en vriende om te sien, is goed, maar om na vreemdelinge om te sien, is genade!

Neil en Dawid Verwey

JAPANSENDING
Tel: (81)743-73-1754 Faks: (81)743-73-1681
E-pos: jm@japanmission.org
Webwerf: http://www.japanmission.org/

Tiende Dankoffer!

Totaal tot op datum

R201'328.52

Ons mikpunt

was R175'000.00

KZN Werkgroep vir Missionale Gemeentes

Die werkgroep vir missionale gemeentes hou al sy derde byeenkoms! Almal, leraars en lidmate word genooi om te kom deel in die volgende byeenkoms op ***Woensdag 14 Maart 2012 om 09:30*** in die Sinodale sentrum te Pietermaritzburg. Laat weet asb teen 9 Maart 2012 vir Marlise Meter by die Sinodale Kantoor hoeveel kom uit jou gemeente. Haar kontakbesonderhede is: marlise@ngkzn.org.za of 033 345 2276.

Die boek van Roxburgh & Romanuk: ***"The Missional Leader"*** gaan bespreek word. Die subtitel som die boek baie goed op: ***"Equipping your Church to reach a changing world".***

Volgens Roxburgh & Romanuk (2006:146) lê God se "missionale toekoms" vir die gemeente by die mense van God. Dit is soms by mense by wie dit die minste verwag word en soms afgeskryf word as die minste belangrik. Die volgende uitgangspunte is van belang met die toerusting van 'n gemeente:

1.Bevorder 'n missionale verbeelding: "Imagination means forming in people the capacity to reconnect with the Biblical story in a way that enables them to discern what is God doing among them"

2. Kweek 'n atmosfeer van groei onder die mense deur sekere praktyke en gewoontes van die Christelike lewe aan te moedig.

3. Bemagtig mense sodat hulle die baie veranderings wat hulle elke dag beleef kan verstaan en dit kan hanteer.

4. Skep 'n atmosfeer in die gemeente waar mense in dialoog met mekaar oor sake kan begin debatteer, waar energie kan loskom en eksperimentering onder die mense van die gemeente aangemoedig word.

Ds Gawie van Jaarsveld en dr Mike Heaney

Vrouediens

Ons nooi al die dames van die gemeente om ons vergadering op 29 Februarie 2012 om 6uur by te woon.
Dit is op skrikkeljaar .

Kom geniet die aand. Jou skulpie gaan bekend gemaak word. Dit gaan net n lekker kenmekaar aand wees.

Ons doen n beroep aan ons nuwelinge in die gemeente om die aand saam met ons te geniet.

Dit is 'n goeie geleentheid om nuwe vriendinne te ontmoet.

Vrouediens groete, Anna Venter
O32 946 0552 / 083 9582049

GREYTOWN KINDERHUISVERSOEK:

Ten einde koste te bespaar is Greytown Kinderhuis besig om kwotasies ten opsigte van ‘n vrieskamer te verkry. Hulle kan vleis en groente goedkoper kry, maar aangesien dit ‘n staande bestelling sal wees en groot hoeveelhede behels, moet hulle voorsiening maak vir storing van die goedere. Vriesplek is op die stadium dus ‘n baie groot probleem.

Enige bydrae ten opsigte van kontant of ‘n boksvrieskas (dalk het jy een wat nie meer gebruik word nie) sal waardeer word.

Kontak asb Anna Venter (0829582049) of Babs Livanos(0844857538) indien u bereid is om te help.

Baie dankie vir u ondersteuning.

Babs en Anna
Verteenwoordigers: Greytown Kinderhuis

TUINSIG

Dis weer die tyd van die jaar en Tuinsig hou weer hul jaarlikse kermis op 3 Maart 2012. Ons gemeente is verantwoordelik vir die koektafel.

Ons vra asb die volgende: koeke, terte, piesangbrode, klein koekies, pankoeke (wat ons in blokkies kan sny), beskuit, koeksisters. Melkterte groot en klein.

Ons weet ons kan op ons dames staatmaak.

Alle gebak moet asseblief Vrydag die 2de Maart om 10uur by die kerk wees sodat ons dit kan verpak.
Skakel vir Ella 032 9463846 of 083 2839431 of Anna 032 9460552 of 082 958 2049

Byvoorbaat dankie

Anna Venter

BOTSWANA BUSHMAN OUTREACH
30 March – 8 April 2012

Mission Trip Mandate:
Want to make a difference for the King?
Come along and be part of an exciting adventure to go and share the love of Jesus Christ with the Kalahari Bushmen… Taking hands with the full-time missionaries already hard at work there.

We will be using sport, the Jesus Film and humanitarian aid as 'tools' while growing God's Kingdom in New Xanagas (Kalahari) Botswana.

For details contact:
Trevor Mathews – 082 301 6534
trevorm@nametours.co.za

SIMUNYE KU JESU

Die Evangelisasie en Sending diensgroep bedryf 'n uitreik na huiswerkers en ander Zoeloesprekende persone. Die naam "**Simunye Ku-Jesu**" (Saam in Christus) is uiters gepas. Saterdae word daar 'n Bybelstudie vir hulle in ons kerkgebou aangebied. Baie van hulle is werkloos, en daar word ook eetgoed, koeldrank en busgeld gegee vir diegene wat nie 'n inkomste het nie. Dit is 'n baie entoesiastiese groep Zoeloes wat Saterdae heerlik saamsing (soos nét hulle kan!) en ywerig en met oorgawe deelneem aan die Bybelstudie. Daar rus baie seën op die werk en die groep groei weekliks met rasse skrede. Veral die afgelope jaar het dit 'n groot projek begin raak.

Hiermee wil ons 'n beroep doen op alle gemeentelede om asseblief jou huiswerker Saterdae om 11:30 na Ballito se kerkgebou te bring, of om hom/haar aan te moedig om te kom.

JEUG - KATEGESE ROOSTER
19 Feb : Nagmaal (Geen Kinderkerk & Kategese)
26 Feb : Kinderkerk & Kategese
4 Maart : Kinderkerk & Kategese
11 Maart : Kinderkerk & Kategese
18 Maart : Gesinsdiens (Geen Kinderkerk & Kategese)

Voorskool - Gr 6 : Kinderkerk & Kategese tydens erediens in Jeugsentrum
Gr 7 - 11 : Kategese direk na erediens in Jeugsentrum

Skenkings Benodig

Nuwe Moederskamer
FNB—NG Gemeente Noordkus
Rek nr: 53731659860; Takkode: 220129
Verwysing: Boufonds
Kontakpersone: Jan van Coller – 0725110144 / Hendrik Coetzer – 0767720442 / Herman Moll – 0834569693 / Louis Nel – 0827714925 / Voorsitter van Finansies, Fred Visser, by 0824511596

Ondersteuning Gevra

Gesoek:
Flukse dames wat kan help beskuit bak? Bestanddele sal voorsien word. Skakel Adri @ 083 464 7067.

Pannekoekverkope
Elke Saterdagoggend by die Kerk (8-11vm)
(10% van verkope gaan vir Bybelverspreiding)

Tee en Blomme
Dames wat in Februarie verjaar word versoek om asseblief met die sameroeper in verbinding te tree i.v.m. teeskink na die erediens of 'n blommerangskikking vir die kansel.
Kontak Hendrika Haywood by **072 247 7755.**

Nuwe Intrekkers

Alle nuwe intrekkers word hartlik verwelkom by NG Kerk Noordkus. Ons vertrou dat julle 'n baie geseënde verblyf in ons gemeente gaan hê.
Vul asseblief u naam en kontak- besonderhede in die boek voor in die portaal in. Vorms is ook beskikbaar na afloop van die diens vir volledige besonderhede wat vir ons gemeente se databasis benodig word.

Skakel ook met ons kerkkantoor indien julle jul attestate wil laat aanvra.

Vir enige navrae, kontak ons kerkkantoor, die leraar of die sameroeper van die Gemeente bedienings en erediens kommissie, Jacques Louw by 032 946 3472 of 083 676 1998.

Handige Skakels

NG Kerk Noordkus webwerf:
http://noordkus.co.za

Dagstukkies:
http://dagstukkie.co.za

Durban Metropool Bediening:
Kyk wat gebeur in Durban Middestad!
Ook nuus van gebeure in die gemeentes van die Durban Ring, waarvan ons gemeente deel is.
Kursusse aangebied ens.
http://durbanmb.co.za

NG Kerk Amptelike Webwerf:
http://www.ngkerk.org.za

Lig Tydskrif:
http://www.lig.co.za

Die Kerkbode:
http://www.kerkbode.co.za

Radio Kansel:
http://www.radiokansel.co.za

Jerigo Mure:
http://www.jwipn.com

Eg Afrikaans Geselsbrief:
http://www.egafrikaans.co.za

Rubrieke, interessante artikels en nuusbriewe:
http://noordkus.co.za/rubrieke.html

Argief van vorige uitgawes van Woord en Lied asook vorige reekse dagstukkies: http://noordkus.co.za/argief.html

E-Posduif
Nuusbrief van NG Sinode KZN
http://noordkus.co.za/rubrieke.html/Posduif-5

Om die Kommunikeerder op jou selfoon te ontvang:
http://mobi2.d6communicator.com/